

30 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 10:5-15
Fokusgedeelte: Romeine 10: 8-10, 14, 15

Getuig met jou mond oor die geloof in jou hart

In hierdie gedeelte loop daar 'n goue draad dat jy die geloof wat God in jou hart as gawe geskenk het, hoorbaar met jou mond moet uitdra. 'n Ander woord daarvoor is "getuig". Vir die meeste Gereformeerdes klink die woord dalk vreemd op die tong. Ons is bang ons raak daardeur te "charismaties". Laasgenoemde woord beteken egter juis "met die karakter van gawes deur die Gees", waarvan geloof een is. In 1 Petrus 3:15 hoor ons ook dat ons altyd gereed moet wees om te getuig oor die hoop wat in ons leef. Vers 14 en 15 stel ook duidelik dat ons net in God kan glo as ons van Hom hoor, onder andere as iemand preek. Hier word nie net amptelike prediking deur predikante vanaf die kansel bedoel nie, maar die getuigenis wat elkeen wat in Jesus glo, oor sy/haar verlossing en hoop moet lewer.

Ons is geroep om die wonderlike boodskap van geloof en verlossing en hoop te verkondig om ander so tot geloof te bring. Ons moet dit egter altyd nederig doen om juis God sy eer te laat kry.

Sing: Psalm 119:1, 13

Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)